**Liturg: Ds Johan Willemse**

**Teks**

1 Samuel 24:-23

**Fokusvers:**

1 Samuel 24:16

**Tema:**

Vertrou die Here jou regter, en wees aan Hom getrou

**Datum:**

12 Julie 2026

## 1. **<u>Inleiding</u>**

Broers en susters,

Hoe weet ek wat die Here van my vra in hierdie oomblik? Hoe weet ek watter besluit om te maak, of watter pad ek moet kies?

Almal van ons vra een of ander stadium hierdie vrae, dikwels tydens uitdagende omstandighede.

Dalk is daar spanning by die huis of by die werk. Dalk het iemand jou te na gekom, jou of verontreg. Dalk bevind jy jou in 'n situasie waaruit jy net wil ontsnap. En wat dit nog moeiliker maak, is dat ons soms alleen voel in die oomblik. Jy het gebid en gepleit, jy het raad gevra en na oplossings gesoek, jy het gewag en geworstel, maar die uitkoms kom nie.

Dalk voel jy selfs soos Dawid in Psalm 142:5, waar hy bid: "*Ek soek hulp, maar niemand wil help nie, 'n skuilplek is vir my verlore; niemand gee om vir my nie...*"

Maar dan gebeur daar iets onverwags... Skielik ontstaan 'n geleentheid. 'n Deur gaan oop. Jy kom by 'n kruispad waar jy 'n besluit moet neem, 'n besluit wat jou moontlik uit die situasie kan red. Gaan jy dit aangryp of gaan jy dit laat verbygaan? Hoe weet ons wat die Here van ons vra?

As gereformeerdes bely ons dat *<u>niks per toeval</u>* gebeur nie. Alles wat oor ons pad kom, *<u>is deur die Here beskik en uit sy hand gestuur</u>* (HK, So. 10). Wanneer só 'n geleentheid dus opduik, kan ons tereg sê: "*die Here het dit op my pad gebring.*"

Maar geliefdes, nou moet ons ook vra: Beteken dit dat ons deur elke oop deur moet stap? Of stuur die Here sulke oomblikke oor ons lewe vir ander redes?

Een van die antwoorde oor *<u>besluitneming</u>* en *<u>God se wil in ons lewe</u>,* lê vir ons opgesluit in 1 Samuel 24. Kom ons kyk dan na die verhaal en wat God ons daardeur wil leer.

Kom ons begin deur die agtergrond te verduidelik.

## 2. <u>Liggaam</u>

**Agtergrond:**

In 1 Samuel 24 is Dawid besig om te vlug vir sy lewe. Saul sit op die troon en sy hart is verbitterd en nydig teenoor Dawid. Saul *sien* hoe die Here vir Dawid seën. Hy *hoor* hoe die mense sing (18:7-8 en 21:11): "*Saul het sy duisende verslaan, maar Dawid sy tienduisende!*"

En, soos dit dikwels met ons ook gebeur, wanneer ons nie van iemand hou nie, begin Saul se hart 'n valse beeld skets. In sy gedagtes sien hy hierdie jong man as 'n bedreiging. Hy dink: "Hierdie klein skaapwagter is daarop uit om my te laat val. Hy vat al my eer, hy steel my seun Jonatan van my. Binnekort gaan hy my koninklike mantel ook vat!" Daarom doen Saul alles in sy vermoë om Dawid uit die weg te ruim.

Vir Dawid beteken dit 'n lewe van wegvlug en wegkruip. Hy trek van een skuilplek na die volgende. Hy slaap in grotte en vestings. Hy kan niemand vertrou nie en vrees vir sy lewe.

Nogtans het die Here nie van Dawid vergeet nie. Inteendeel, in 1 Samuel 18-24 sien ons hoe die Here elke keer vir Dawid uitkoms gee. As Saul 'n spies gooi, dan spring Dawid uit die pad. As die mense vir Saul sê waar Dawid wegkruip, dan val die Filistyne skielik die land binne. En dan kom ons by hoofstuk 24.

### 2.1. Dawid se Godgegewe geleentheid:

Na Saul se veldslag teen die Filistyne, vertel iemand vir hom dat Dawid in die En-Gediwoestyn is. Hy kies dan drieduisend van sy beste soldate en trek uit, op soek na seshonderd uitgeputte vlugtelinge om een man dood te maak.

Die teks gee ook vir ons 'n mooi poëtiese beskrywing van die toneel. Saul is deel van die stam Benjamin (1 Sam. 9:1, 21), en in Genesis 49:27 lees ons: "***Benjamin is 'n wolf** wat verskeur. In die oggend verslind hy geroofde goed, en teen die aand verdeel hy buit*." Aan die ander kant kry ons vir Dawid, die herderseun wat wegkruip tussen die grotte waar die Steenbokke

woon. Dit is hoe die toneel vir ons beskryf word: *'n wolf op soek na 'n bokkie by die oase van En-Gedi.*

Dawid en sy manne kruip in die kalksteengrotte weg. Daar is nie 'n agterdeur waaruit hulle kan vlug nie. Daar is nie 'n manier wat hulle Saul se manskappe kan oorweldig nie. Hulle sit vasgekeer en vasgevang. En dan skielik verander alles...

Saul staak vir 'n oomblik sy jagtog en stap alleen in 'n grot in. Dan staan daar in die Hebreeus dat Saul "*sy voete gaan bedek het.*" Hierdie is 'n uitdrukking wat beteken hy het *homself gemaklik gemaak, hy het homself gaan ontlas...*

Die koning sit nou alleen; Hy het geen lyfwag by hom nie, sy swaard lê eenkant, en sy broek is *letterlik* op sy knieë. Die magtigste man in Israel bevind homself in 'n baie kwesbare posisie. Min wetend, dat Dawid en sy manne agter in die grot wegkruip.

Kyk net wat 'n wonderlike geleentheid die Here oor Dawid se pad bring. God gee Saul in Dawid se hande en sy manne sien dit ook raak. Hulle sê: "*Kyk daar, vandag sê die Here vir jou: 'Ek gee jou vyand in jou hand en jy moet met hom maak soos jy dit goedvind.'*"

Dawid staan stilletjies op en kruip ongemerk nader. Hier is die geleentheid waarvoor hy gewag het! Dan gryp Dawid sy mes, strek sy hand uit... en sny net die punt van Saul se mantel af.

Kan u die teleurstelling agter in die grot indink? As Saul vandag sterf, is alles verby. Hulle vrees is weg, hulle lewe as vlugtelinge en grotbewoners kom tot 'n einde. Hulle kan terugkeer na hulle gesinne. 'n Nuwe tydperk breek vir Israel aan met Dawid as koning! Dawid gaan nooit weer hierdie geleentheid kry nie.

Maar sy se gewete kla hom aan:

Hy het te veel eerbied vir God, Saul is die koning van Israel, die gesalfde van die Here. Hy ken ook die wet van die Here. Hy weet dat moord verkeerd is. Hy weet dat God mense oor ons aanstel om oor ons te heers en dat ons hulle gesag moet respekteer. Dawid weet dat hy nie reg in eie hande mag neem nie, veral as dit beteken dat hy ongehoorsaam moet wees aan God.

Tog is Dawid se daad ook nie sonder betekenis nie. Die soom van Saul se mantel was meer as ŉ stukkie materiaal. In die Ou Nabye Ooste het jy jou rang en gesag aan die soom van jou mantel gedra. Vandag sou ons sê hy het die rang-kenteken van sy skouer afgesny. Juis daarom kla sy gewete hom aan (24:6). Dawid besef dat hy *tog* sy hand teen "*die gesalfde van die Here*" gelig het.

Selfs hierdie simboliese daad knaag aan hom. Daarom praat Dawid met sy manne agter in die grot en keer hulle om verder op te tree (24:8).

## 2.2. Voorbeeld van Dawid se geloof:

Geliefdes, wat wil die Here vir ons deur Dawid se optrede in die grot by En-Gedi leer?

### i. Eerstens leer ons iets van Dawid se gehoorsaamheid:

God het sy gebed verhoor en vir hom ŉ oop deur gegee. Al wat Dawid moes doen is om die geleentheid aan te gryp. **Maar,** God het nie hierdie geleentheid oor Dawid se pad gebring om vir hom die koningskap te gee nie.

God het dit reeds aan hom belowe. Hy is reeds in 1 Samuel 16 deur Saul as koning oor Israel gesalf. As koning, besef Dawid dat hy ŉ voorbeeld van gehoorsaamheid aan die volk moet stel. Hy besef dat God hierdie geleentheid oor sy pad gebring het om sy karakter te toets.

Gaan hy reg in eie hande neem en moord pleeg? Gaan hy sy hand lig teen die een wat die Here gekies het om sy volk te lei?

Gelei deur die Heilige Gees, besluit Dawid om die Here te vertrou en gehoorsaam te wees. Weereens sien ons ŉ poëtiese beeld: Dawid is nie ŉ bok wat in vrees wegkruip nie, maar soos daar oor die stam van Juda geprofeteer was, is hy: "*ŉ leeu, wat van die prooi af wegstap*" (Gen. 49:9).

Broers en susters, hoe sou jy in hierdie situasie opgetree het?

- As jy ŉ geleentheid kry om iemand terug te kry wat jou ingedoen het, sal jy die ander wang draai?
- Wanneer jy die kans kry om jouself te bevoordeel ten koste van iemand anders, sal jy dit aangryp?
- Wanneer daar ŉ deur oopgaan, maar dit beteken jy moet aan die Here ongehoorsaam wees, gaan nog steeds deurstap?

Dikwels word ons geloof getoets, nie deur die swaarkry nie, maar hoe ons in tye van swaarkry optree. Die Here stuur sulke oomblikke oor ons pad om ons geduld en afhanklikheid te leer.

Hy vra dat ons aan Hom gehoorsaam sal wees. Die Here wil nie altyd ons omstandighede verander nie, maar Hy wil óns verander.

Dit beteken dat ons moet weet wat die Here in sy Woord van ons vra. Ons moet die pad van regverdigheid en wysheid leer ken. Ons moet weet wat die Here se wet van ons vra. "*Wat anders eis die Here van jou as om net te doen wat reg is, om troue liefde te bewys en om nederig die pad saam met jou God te loop?*"

En tog is hierdie pad van gehoorsaamheid nie 'n maklike weg nie. Dawid het besluit om 'n vlugteling te bly. Hy het besluit om sy gemak prys te gee, sodat hy God kon eer. Maar dan hoor ons ook die woorde van Romeine 5:3-4:

"*Ons verheug ons in die swaarkry, want ons weet: swaarkry kweek volharding, en volharding kweek egtheid van geloof, en egtheid van geloof kweek hoop.*"

**ii. Tweedens leer ons iets van Dawid se vertroue:**

Dawid se gehoorsaamheid spruit vanuit sy geloof en vertroue in God. In vers 16 sê hy: "*Mag die Here regter wees; mag Hy oordeel tussen u en my; mag Hy kennis neem en my saak verdedig; mag Hy my reg handhaaf deur my uit u hand te red.*"

Dawid ken die Here. Hy bely in Psalm 7:11-18: "*God is my skild, Hy wat die opregtes van hart verlos. God is 'n regverdige regter... Ek wil die Here prys omdat Hy reg laat geskied.*"

In geloof ken Dawid God as die regverdige regter. Daarom het hy vertroue dat God kennis neem van sy saak. Vanuit sy geloof en vertroue kom daar gehoorsaamheid. Hy wys ook selfbeheersing om nie reg in eie hande te neem nie, maar op God te wag.

Broers en susters, dit is moeilik om nie self in beheer te wees van die uitkomste nie. Wanneer ons verontreg is, wil ons dit regstel, ons wil onsself en ons saak verdedig. Maar God wys vir ons 'n beter weg!

Ons hoef nie wraak te neem nie. Ons hoef nie sonde te doen om onsself te beskerm nie. Ons kan gehoorsaam bly en geduldig op die Here wag. Hy sal ons saak behartig.

**2.3. Christus as hoogste voorbeeld:**

1 Samuel 24 wys ook vir ons die sterk kontras tussen Saul en Dawid. En as ons eerlik gaan wees, dan volg ons dikwels die voorbeeld van Saul en Dawid se manne. Soos Saul kan ons ook sê: "*Dawid... 'Jy is 'n beter man as ek.'*"

- Wie van ons sou gehoorsaamheid bo gemak gekies het?
- Wie van ons vertrou en wag op die Here wanneer ons verontreg is?
- Hoe maklik gryp ons nie geleenthede aan om onsself eerste te stel nie?
- Hoe gou neem ons nie reg in eie hande nie?
- Hoe dikwels vertrou ons nie eerder op onsself as op die Here nie?

Maar daarom eindig hierdie verhaal nie by Dawid nie. Dit wys ons verder, na die seun van Dawid. Dit wys na die groot Koning en Regter self, na Jesus Christus.

In Matteus 4:8 wys die Satan vir Jesus al die koninkryke van die wêreld met hulle prag, en sê vir Hom: "*Dit alles sal ek vir U gee as U neerval en my aanbid.*" Daar bied hy vir ons Here 'n kortpad na die kroon, sonder die kruis. **Maar** Christus vertrou sy Vader in die hemel volkome. Hy kies nie die kortpad nie, maar stap die weg van gehoorsaamheid en vertroue.

Aan die kruis het die skare vir Jesus geskree om af te kom en Homself te red. **Maar** Jesus vertrou dat sy Vader sy saak sal handhaaf! Petrus skryf (1 Pet. 2:23): "*Toe Hy beledig is, het Hy nie terug beledig nie, toe Hy gely het, het Hy nie gedreig nie, maar alles oorgelaat aan Hom wat regverdig oordeel.*"

Dawid het geweier om Saul se bloed te vergiet. Maar Christus het sy eie bloed vergiet vir sondaars wat teen Hom in opstand gekom het. Daarin sien ons die volmaakte Leeu uit die stam van Juda. Hy oorwin nie deur sy vyande te vernietig nie, maar deur as die Lam van God Homself vir hulle te offer.

### 3. <u>Slot</u>

Ek sluit af.

Broers en susters: Hoe weet ek wat die Here van my vra in hierdie oomblik? Hoe weet ek watter besluit om te maak, of watter pad ek moet kies?

1 Samuel 24 gee nie vir ons ’n eenvoudige lys reëls vir elke besluit wat ons ooit sal moet neem nie. Maar dit wys vir ons waar om te begin.

- Dit begin by ’n verhouding met God. Dit laat ons weer besef dat ons die Here moet ken en verstaan wie Hy is.
- Ons moet ook sy Woord ken. Ons moet toeneem in begrip en fyn aanvoeling, sodat ons die dinge sal kan onderskei waarop dit werklik aankom (Fil. 1:9-10).

God bring sekere tye en omstandighede oor ons lewe en gebruik dit om ons meer soos Christus te laat lyk. Mag ons hierdie week ingaan met ons oë gevestig op Jesus. Mag ons elke geleentheid wat Hy oor ons pad bring, nie in die eerste plek sien as ’n kans om onsself te bevoordeel nie, maar as ’n geleentheid om Hom te vertrou en te gehoorsaam.

Mag die Here, die Regverdige Regter oor ons sake oordeel; mag Hy kennis neem en ons saak verdedig; mag Hy ons reg handhaaf en ons op die regte tyd red.

# Amen